# Verhale van Afrika


## Hoekom die Son en die Maan in die Lug Bly

Baie, baie jare gelede toe die Aarde nog steeds nuut en vars was, het die Son en die Maan saam op Aarde bly. Hulle het 'n groot, pragtige huis gedeel wat 'n boonste- en onderste verdieping gehad het. Daar was 'n groot balkon op die boonste verdieping wat oor die oerwoud gekyk het. Hulle het daarvan gehou om in die aande op die balkon te sit en na die apies te luister.

Hul beste vriend was Water, maar hy het nooit hul pragtige huis besoek nie. "Kom kuier asseblief vir ons!" gepleit Son "Asseblief kom besoek ons, Water!" smeek Maan, "Ons kan dan almal saam op die balkon sit en na die apies luister." Maar Water het altyd die dieselfde antwoord gehad, "Nee, Son en Maan. Ek kan nie kom kuier nie. Ek het so baie vriende wat binne my bly en al die visse en die seediere kan nie sonder my oorleef nie en ek is bang dat ons nie almal in jul huis sal pas nie."

Elke dag het Son en Maan dieselfde vraag gevra en elke dag het Water hulle die dieselfde antwoord gegee.

Een nag, terwyl Son en Maan op hul balkon sit en na die apies luister, kry Maan 'n blink plan. "Ek het dit! Ek het die oplossing vir ons probleem. As ons, ons huis groter maak, kan Water en al sy vriende wat in hom woon, vir ons kom kuier!" Son het gedink dat dit 'n goeie idee was en die volgende oggend het hulle vroeg opgestaan om die huis selfs groter te maak.






visit twinkl.co.za

Na 'n hele maand van harde werk om hul huis groter te maak, was Son en Maan se nuwe, baie groter en baie mooi huis, klaar. Son het dadelik vir Water geroep, "Water, ons huis is nou so groot dat ons seker is dat jy en al die seediere wat in jou woon, in die huis sal inpas. Kom kuier asseblief!"

Water het uiteindelik ingestem om vir Son en Maan te gaan kuier. Hy het by hul groot huis aangekom en versigtig aan die voordeur geklop. "Kom binne!" skree Maan en Water het die deur oopgemaak en binne gegaan.



Binne 'n minuut het Water die vloer bedek en was tot by Son en Maan se gesigte. Water het hoër en hoër gegaan en sommer gou moes Son en Maan trap op na die boonste verdieping van die huis gaan, sodat hulle nie verdrink nie, maar Water het net aanhou kom en die hele huis met homself en al die visse en seediere wat in hom gewoon het gevul. Kort voor lank was Water weer tot by Son en Maan se gesigte dat hulle na die balkon gehardloop het om hulself te probeer red, maar Water het die huis net aanhou opvul.

Sommer baie gou was daar nêrens vir Son en Maan om heen te gaan nie, dat hulle in die lug op gespring het. Vanaf hul nuwe plek in die lug, kon hulle steeds die apies hoor en die oerwoud sien. Hulle kon ook enige tyd met hul vriend Water gesels wanneer hulle wou, sonder om te verdrink. Hulle het besluit om sommer net daar vir ewig te bly en hulle het!